# FRANS 178 : ASSESSERINGSBELEID
# 2009

- Let wel dat Frans 178 **NIE** gevolg mag word deur studente wat Frans as vak in Graad 12 geneem het nie. Hierdie reël geld ook indien jy nie 'n goeie punt behaal het in die matriekeindeksamen nie of indien jy voel jy dat jou kennis om die een of ander rede nie voldoende is nie. Kontak jou dosent indien jy onseker is in dié verband. **Kredite : 24**
- **GEEN** Franssprekende student word toegelaat tot die voorgraadse kursusse in Frans nie. Nagraadse kursusse mag wel gevolg word.

***In Frans 178 word daar van Deurlopende Assessering gebruik gemaak. Hierdie stelsel word soos volg toegepas :***

## TOETSE

**Vier verpligte** amptelike toetse word deur die loop van die jaar afgelê. Versuim om een van hierdie toetse af te lê, lei tot 'n onvoltooide kursus. *Daar is geen eksamens en dus geen hereksamens of Dekaansvergunningseksamen in Frans 178 nie.* 'n Onvoltooide kursus beteken dat die student **nie slaag nie selfs al het hy/sy 'n finale punt van meer as 50%.**

**19 Maart (groepe 1,3,5) – 20 Maart (groepe 2,4,6) (Klastyd)**
**14 Mei (Aand)**

**3 September (groepe 1,3,5) – 4 September (groepe 2,4,6) (Klastyd)**
**22 Oktober (Aand)**

## KLASBYWONING

Gereëlde kontak met die taal is nodig om vordering daarin te maak. Studente word evalueer op grond van klasdeelname, kommunikatiewe vaardighede, huiswerk en klastoetse. Die bywoning van lesings, tutoriale en praktiese klasse asook die stiptelike indien van opdragte is gevolglik 'n absolute vereiste. Slegs studente wat volgens die oordeel van die Departement voldoen aan hierdie voorvereiste, verwerf 'n jaarpunt.

Gereëlde klastoetse om studente se vordering te bepaal sal deur die loop van die jaar gedurende roosterperiodes afgeneem word. Daarby mag daar ook van tyd tot tyd verrassingstoetsies geskryf word. Sorg dus dat u nie klas mis nie en altyd voorbereid klas toe kom.

**Klasbywoning sal op 'n gereelde basis deur die jaar gemonitor word. Indien u bywoning nie bevredigend is nie mag die Departement die persoon / instelling kontak wat verantwoordelik is vir die finansiering van u studies.**

## REËLS VIR DIE INDIEN VAN HUISWERK

**NB : VERWYS NA DIE INLIGTING WAT BETREF DIE REËLS VIR DIE INHANDIGING VAN HUISWERK IN DIE DEPARTEMENTELE STUDIEGIDS**
*Die huiswerk en/of klastoetse wat deur die loop van die jaar ingehandig en afgelê word, tel 40% van die jaarpunt.*

## WAT OM TE DOEN INDIEN U NOODGEDWONGE 'N LESING MOES MIS

- Dit is u persoonlike verantwoordelikheid om by 'n klasmaat of die klasverteenwoordiger uit te vind watter werk u gemis het en die huiswerk in te haal **voor** die volgende lesing.
- **Dit is verder ook u EIE verantwoordelikheid om enige notas wat uitgedeel is in die hande te kry by 'n persoon wat wel teenwoordig was**.

## PUNTE

Klaspunte word op die kantoordeur van elke betrokke dosent vertoon en gereeld aangepas. Vorderingspunte word elke kwartaal op die kennisgewingbord tussen 541 en 543 aangebring.

## TUTORIALE EN PRAKTIESE KLASSE

Alle Tutoriale en Praktiese klasse is **VERPLIGTEND**. Die hele groep Frans 178 studente word in tien kleiner groepe verdeel vir die Tutoriaalklasse wat plaasvind in Humarga en die vorm aanneem van rekenaarlesse op WebCT (waaraan jy ook verder kan werk in jou eie tyd). Toetse word sonder waarskuwing afgeneem vir die Tutoriale. Die groep word eweneens in tien groepe verdeel vir die Praktiese klasse waarin die werk wat in die drie hooflesings behandel word verder ingeoefen word en praktiese toegepas word. Assessering in die praktiese klasse vind plaas in die vorm van huiswerk, projekte of klastoetse. (Die reëls vir die indien van huiswerk geld ook hier.) Daar is ten minste 2 assesseringsgeleenthede per kwartaal in die tutoriale klasse sowel as in die praktiese klasse. In die tutoriale en praktiese klasse word essensiële werk gedoen met die oog op toetse, mondelinge en veral kommunikatiewe vaardighede. Die belang van hierdie klasse is dus veel groter as wat die assesseringsgewig met die eerste oogopslag aandui.

Assessering in die tutoriale klasse tel **10%** van die jaartotaal.
Assessering in die praktiese klasse tel **15%** van die jaartotaal.

## MONDELINGE

**Twee** mondelinge word jaarliks afgelê en wel aan die einde van elke semester. <u>Versuim om een van hierdie mondelinge af te lê, mag lei tot 'n onvoltooide kursus</u>.

Die mondelinge tel elk **5%** van die jaartotaal.

## ASSESSERINGSGEWIG OOR JAAR VERSPREI:

| **Tipe assessering** | **Gewig in die Eerste Semester** |
|---|---|
| Toetse (<u>alle</u> toetse is verpligtend) | 30% |
| Ander (huiswerk of klastoetse) | 40% |
| Tutoriale | 10% |
| Prakties | 15% |
| Mondeling | 5% |

| **Tipe assessering** | **Gewig in die Tweede Semester** |
|---|---|
| Toetse (**<u>alle</u>** toetse is verpligtend) | 30% |
| Ander (huiswerk of klastoetse) | 40% |
| Tutoriale | 10% |
| Prakties | 15% |
| Mondeling | 5% |

## DOSENTE

- Dosente mag enige tyd **<u>gedurende hulle spreekure</u>** gekontak word vir hulp, vriendelike bystand en/of inligting. **Indien 'n dosent nie fisies beskikbaar is nie, moet u asb <u>per e-pos</u> of telefonies kontak maak en nie die sekretaresse lastig val nie.**

| **Naam** | **e-pos** | **Telefoonnommers** | **Kantoor** |
|---|---|---|---|
| Catherine du Toit (koördineerder) | cdt@sun.ac.za | 808-2063 | 541 |
| Johanna Steyn | jets@sun.ac.za | 808-2062 | 543 |
| Marietjie Fouché | 13442589@sun.ac.za | 808 2133 | 556 |
| Marie-Anne Staebler | majha@iafrica.com | 808-2133 | 556 |
| Emilie Mennevret | mflfrench@sun.ac.za | 808-2133 | 556 |
| Liza-Mari de Bruin | 14867893@sun.ac.za | 808-2133 | 556 |
| Stefan van As | 14656485@sun.ac.za | 808-2133 | 556 |